BBK ALGEMENE JAAR VERGADERING

SAKELYS

DATUM: 05/08/2022

TYD: 18:00

PLEK: FIRE & WINE VENUE, PRETORIA

1. OPENING: Hennie van Niekerk
2. VERWELKOMING: Salmon van Huyssteen
3. PRESENSIE.
4. VERSKONINGS.
5. KONSTITUERING
6. MOSIES.
7. LIEF EN LEED
8. VASTELLING VAN SAKELYS:
9. DIE LEES VAN EN GOEDKEURING VAN DIE VORIGE NOTULE (GESIRKULEER)
10. SAKE VOORTVLOEIEND UIT DIE NOTULE:

    10.1 KLUBVEILINGS
        10.1.1 2023 DATUMS
        10.1.2 VEILINGSHUIS
        10.1.3 VEILINGSLOKAAL
        10.1.4 VEILINGSKOSTE
    10.2 SALE OF THE ROSES KRITERIA
    10.3 JUNIOR EN SENIOR KURSUSSE
    10.4 BBK KLERE WAENTJIE
    10.5 STREEKS 2023
        10.5.1 VENUE
        10.5.2 KIES VAN BEOORDELAARS
        10.5.3 PERMANENTE IDENTIFIKASIE
        10.5.4 6TAND EN OUER DRAGTIGHEID
    10.6 OPDATERING VAN DISIPLINÊRE KODE
    10.7 VOORSIENING VAN KONSTITUSIE AAN ALLE NUWE LEDE
    10.8 VEILINGS IN BOSVELDBOERBOKKLUB JURISDIKSIE DEUR NIE-LEDE EN/OR ANDER KLUBS – BETALING VAN KOMMISSIE AAN BOSVELDBOERBOKKLUB.

11. FINANSIES
    11.1 GOEDKEURING VAN DIE FINANSIËLE STATE
    11.2 HERAANSTELLING VAN REKENKUNDIGE BEAMPTE
    11.3 BEGROTING VIR DIE FINANSIËLE JAAR EINDIGEND OP 31/01/2023
    11.4 BBK BATES (HEKKIES)

12. NUWE SAKE
    12.1 LEDEGELD 2023 & TERMES
    12.2 STREEK SKOU KOMITEE
    12.3 SAVANNA'S
    12.4 SEKRETARESSE PLIGTE & VERGOEDINGS PAKKET
    12.5 VERKIESING VAN NUWE BESTUUR

    12.5.1 ADDISIONELE LID
    12.5.2 TESOURIER
    12.5.3 O/VOORSITTER
    12.5.4 VOORSITTER

13. VOORSITTER JAARVERSLAG:
    13.1 BESPREKING VAN
    13.2 GOEDKEURING VAN

    VERGADERING VERDAAG

1. OPENING

   Hennie van Niekerk

2. VERWELKOMING

   Salmon van Huyssteen

3. PRESENSIE

   Presensie lys word omgestuur

4. VERSKONINGS

   Marinus van Jaarsveld, Dirk van Niekerk, Hein Booysen, Antoinette Dry, Jaco van der Merwe & Passano Boerbokstoet.

5. KONSTITUERING

   Genoeg lede om ‘n koring te vorm.

6. MOSIES

   Johan Boshof wil mosie indien by die SABTV rakende die reël van stoet plate op 2tand. Dit is reeds op die agenda onder nuwe sake.

7. LIEF EN LEED

   Veels geluk aan Josef Kleynhans wat ‘n kleindogter ryker geword het. Cindy & Leroy van der Merwe van Redstag Ranch is swanger, hulle gaan ‘n seuntjie verwag.

8. VASTELLING VAN SAKELYS (Geen ekstra punte bygevoeg nie)
9. DIE LEES VAN EN GOEDKEURING VAN DIE VORIGE NOTULE (GESIRKULEER)

   Voorgestel deur Douw van der Merwe en gesekondeer deur Francois Bouwer.

10. SAKE VOORTVLOEIEND UIT DIE NOTULE:

    10.1 KLUBVEILINGS
    10.1.1 2023 DATUMS

    - 11 MAART 2023 (KLUB VEILING)
    - 15 APRIL 2023 (KLUB VEILING)
    - 31 JULIE – 4 AUGUSTUS 2023 (STREEK KAMPIOENSKAPPE SKOU)
    - 5 AUGUSTUS 2023 (SKOU VEILING)
    - 9 SEPTEMBER 2023 (KLUB VEILING)
    - 18 NOVEMBER 2023 (SALE OF THE ROSES UITNODIGING VEILING)

    10.1.2 VEILINGSHUIS

    Tans by CDP, geen voorstelle vir ander veilings huise nie. Voorgestel dat ons by CDP bly, Josef Kleynhans en Douw van der Merwe sekondeer.

    10.1.3 VEILINGSLOKAAL

    Het al ‘n pad met Fire & Wine gestap. 2023 se veilings is reeds by Fire & Wine geboek.

    Daar is ‘n opsie om weer ‘n veiling by Pietersburg te hou. Bek-en-Klou moet dop gehou

word wat ‘n probleem is, dit is weer nader vir baie van ons lede wat deelneem aan veilings. Douw van der Merwe stel voor dat die bestuur die besluit moet neem en die bek-en-klou dop te hou. Dit is algemeen aanvaar.

10.1.4 VEILINGSKOSTE

Ons is steeds op 10% kommissie met die bemarkingskoste en aanlyn platvorm koste wat bykom. Dit is algemeen so aanvaar.

10.2 SALE OF THE ROSES KRITERIA

Douw van der Merwe stel voor dat die uitnodiging wegval en eerder ‘n inskrywing veiling wees. Die bestuur kan dan kontroleer of die persoon voldoen aan die kriteria al dan nie. Verder stel hy voor dat daar weg gedoen word met die gas verkopers. Johan Boshoff Sekondeer.

Josef Kleynhans stem nie saam en meen dat dit goedgekeur is deur die lede om die bestuur die mag te gee om gas verkopers te nooi. Die uitnodigings word aangekondig op die groep sodat lede weet dit is uit. Dit is glad nie onregverdig teen die aktiewe lede van ons klub nie, daar is steeds 4 geleenthede vir lede om by veilings te verkoop. Indien lede voel dat gas verkopers heroorweeg moet word, moet dit so besluit word.

Melissa Myburgh stel voor dat ons dan net die gasverkopers verminder. Ockert Fourie sekondeer.

Douw vra dat hy sy voorstel herstruktureer. Sou daar nie genoeg bokke is nie, dan kan daar gasverkopers genooi word.

Opinies word uitgeruil.

Albie Horn stel voor dat die lede die bestuur vertrou en dit hou soos dit tans is. Dit is in die bestuur se hande om die gasverkopers te nooi. Josef Kleynhans sekondeer.

Melissa Myburgh trek haar voorstel terug en stem saam met Albie Horn se voorstel.

Dit gaan oor na ‘n stemming. Douw van der Merwe se voorstel het 7 stemme. Albie Horn se voorstel het by verre die meerderheid.

Dus bly dit soos dit tans is dat dit in die bestuur se hande is.

Ivan van Heerden lig uit dat dit nie nou besluit moet word nie, maar vra dat die bestuur wel daarna kyk soos dit vanaand ‘n opinie was om diere wat 8 en 9 punte is op bouvorm, maar kudde op kleur of speen is te laat kwalifiseer. Josef Kleynhans sekondeer.

Salmon bevestig dat die bestuur daarna kan kyk en dat die kriteria dan bly soos dit is.

10.3 JUNIOR & SENIOR KURSUS

Junior & Senior kursus is weer 10-12 Mei 2023 op Groblersdal by Shongololo.

Ons het ‘n voorstel gekry van oom Anton & Rickus Bothma om ‘n klein junior kursus by hulle te kan hou. Ons gaan beslis daarna kyk om dit in te werk.

10.4 BBK KLERE WAENTJIE

Dit is baie moeilik om die waentjie te beman. Hy word te min blootgestel aan mense. Die logistiek met die waentjie is moeilik. Die staanplek is ‘n probleem. Om hom onder dak en veilig te hou, om hom rond te ry, wanneer elke lid van die bestuur 9 uit die 10 kere self ‘n waentjie het wat hulle sleep. Die voorstel wat die bestuur het is om die

waentjie te verkoop en omdat al ons veilings by Fire & Wine gehou word kan Danielle die voorraad op die perseel aanhou en mense baie makliker en met baie meer geleenthede die geleentheid het om BBK klere te kan koop. Danielle se voorstel is dat sy bestellings sal neem sodat die klub nie te veel geld in voorraad moet indruk nie. Daar sal dan ‘n gedeelte van die verkope terug kom na die klub toe. Ivan van Heerden sekondeer. Die klank sisteem is ingebou in die waentjie. Die SABTV en CDP stel belang in die waentjie. Ons het reeds ‘n klanksisteem by Fire & Wine wat ons gebruik van hulle, maar ons kan ‘n addisionele speaker net apart aankoop. Fouche Blignaut sekondeer om die waentjie kompleet te verkoop met die klanksisteem.

Algemeen aanvaar dat Danielle die huidige voorraad eers verkoop en daarna bestellings neem.

Ivan van Heerden stel voor dat ons die SABTV eerste opsie gee om te koop. Hulle gaan hom gebruik tot voordeel van al sy lede wat ons almal wat hier sit insluit. Dit is in ons voordeel as hulle hom koop en ons help die SABTV. Hulle het geld daarvoor en sal hom koop. Melissa Myburgh sekondeer.

Douw van der Merwe stel voor dat die persoon wat die meeste wil betaal moet hom kry, veil hom op. Kry ‘n waardasie en veil hom op. Fouche Blignaut sekondeer.

Dit gaan oor na ‘n stemming. Ivan van Heerden se voorstel het die meeste stemme. Dus kry die bestuur ‘n waardasie en die SABTV kry dan eerste opsie om te koop.

Voorstel van Josef Kleynhans dat Danielle ‘n diens lewer so sy kan die voorraad by die klub koop en dan dit verkoop. Sy hoef dan nie ‘n persentasie van die verkope aan die klub te gee nie. Sarel Kriek stel voor daar moet net ‘n ooreenkoms aangegaan word dat sou daar probleme kom kan die klub die voorraad terugneem en die ooreenkoms los. Dit word algemeen aanvaar.

Slotsom: Die voorraad wat in die waentjie lê gaan na Danielle toe om te verkoop en die voorraad wat nie verkoop gaan die klub kan uitdeel.

10.5 STREEKS 2023

10.5.1 VENUE

Die skou word baie groot, dit raak te lank en duur. Ons kan die skou by Fire & Wine hou, maar daar was ‘n voorstel dat ons dan twee ringe maak. Een ring vir die Boerbokke en die ander ring vir die Kalahari Red en Savannas. Dit is algemeen aanvaar.

Salmon vra dat ons dan net samewerking sal kry van die Kalahari Reds af en van die Savannas af om ring beamptes ens. te help kry. Dit bly die Bosveld Boerbokklub se skou en verantwoordelikheid. Ons vra net hulp van die ander twee klubs af vir die ring om ekstra beoordelaars en ring beamptes ens. vir die tweede ring te kry.

Die wisseltrofees is geborg. As die Savannas bykom gaan ons nog ‘n stel trofees moet kry. Soos wat die telers van die Boerbokke en die Kalahari Reds dit geborg het so gaan die Savanna telers moet help met die borge. Maar dit bly die Bosveld Boerbokklub se skou en die wisseltrofees bly by die klub. Die borge wat ons inkry is vir alles (vir albei ringe) alles gaan dubbeld wees.

10.5.2 KIES VAN BEOORDELAARS

Almal ruil opinies uit oor maniere om beoordelaars te kies met die gedagte om administrasie daarvan in gedagte te hou.

Johan Boshoff se voorstel is dat dit dieselfde gedoen word as die SABTV. Die vertoners wat die laaste twee jaar deelgeneem het nomineer 15 beoordelaars. Dan word die 15 beoordelaars gekontak om te hoor of hulle beskikbaar is. Dan word die lys opgestel met die beoordelaars wat beskikbaar is en die lede moet dan drie kies. Die bestuur tel die stemme die beoordelaars met die meeste stemme word gekies. Die Kalahari Reds en Savannas kies dan hulle beoordelaars saam. Dit word algemeen so aanvaar.

10.5.3 PERMANENTE IDENTIFIKASIE

Daar gaan geen dier skou of op ‘n veiling verkoop word, indien die dier nie getatoeëer is nie. Dit sal van hier af vorentoe streng gekontroleer word dat elke dier wel oor permanente identifikasie beskik. Elke dier wat op ‘n skou of veiling afklim moet in albei ore getatoeëer wees. Indien dit nie die geval is sal die diere van die perseel verwyder moet word.

Tatoeëring moet as volg wees: Teler se geregistreerde brandmerk nommer of geregistreerde stoet nommer in die een oor en die dier se id nommer (Jaargetal met sy volgnommer) in die ander oor.

10.5.4 6TAND EN OUER DRAGTIGHEID

Voorstel dat indien die ooi nie dragtig geskandeer het of lammers het wat soog nie, gaan dit oor na die beoordelaars se diskresie of die ooi al gelam het. Indien die ooi al gelam het mag sy skou. Johan Boshoff sekondeer en dit word algemeen so aanvaar.

10.6 OPDATERING VAN DISIPLINERE KODE

Algemeen aanvaar dat indien Carla Pretorius instem dat sy na die Dissiplinêre kode kyk en voorstelle om hom op te dateer aan die klub sal rig vir goedkeuring met die volgende AJV.

10.7 VOORSIENING VAN KONSTITUSIE AAN ALLE NUWE LEDE

Laasjaar het Hennie van Niekerk voorgestel om ‘n APP te begin vir die klub. Dit is ondersoek en egter onmoontlik kostes gewys. Die konstitusie sal dan via epos aan nuwe lede verskaf word. Algemeen so aanvaar.

10.8 VEILINGS IN BOSVELD BOERBOKKLUB JURISDIKSIE DEUR NIE-LEDE EN/OR ANDER KLUBS-BETALING VAN KOMMISSIE AAN BOSVELD BOERBOKKLUB.

Net vir terugvoering rondom die punt wat oordra. Josef Kleynhans het die punt raad toe gevat en dit is afgekeur.

11. FINANSIES

11.1 GOEDKEURING VAN DIE FINANSIËLE STATE (SIEN ADENDUM A)

State voorgestel deur Douw van der Merwe en gesekondeer deur Johan Boshoff asook algemeen aanvaar.

Voorstel van Douw van der Merwe dat die bestuur die bevoegdheid het om ten minste ‘n 10% surplus fondse aan organisasie wat sukkel sal skenk. Fouche Blignaut sluit aan dat dit oorgelaat word aan die bestuur se diskresie om eerstens te kyk na ons eie lede “Charity starts at home” daarna kan daar besluit word na watter verskeie organisasies dit geskenk kan word. Dit kan jaarliks hersien word. Johan Boshoff sekondeer.

11.2 HERAANSTELLING VAN REKENKUNDIGE BEAMPTE.

Huidige beampte word gehou. Voorstel deur Douw van der Merwe. Sekondant Johan Boshoff. Algemeen aanvaar.

11.3 BEGROTING VIR DIE FINANSIËLE JAAR EINDIGEND OP 31/01/2023 (SIEN ADENDUM B)

Douw stel voor dat die begroting net aangepas moet word met die 10% by van liefdadigheid. Hy is algemeen aanvaar.

11.4 BBK BATES (HEKKIES)

Daar is nie nou ‘n behoefte vir nog addisionele hekkies nie. Die bestaande hekkies in die klub se besit is genoeg en kan so laat staan. Daar is wel ‘n probleem die jaar gewees met die diere wat gegly het die jaar. Daar sal gekyk word om in samewerking met die Kalahari Red klub te kyk na ‘n mat, dit mag dalk ‘n uitgawe word. Dit is algemeen aanvaar.

12. NUWE SAKE

12.1 LEDEGELD 2023 & TERMES

Voorstel van Douw van der Merwe dat die ledegeld R600 bly en vir nuwe aansoeke val die R200 admin fooi weg. Die bestuur het die mag om huidige lede wat lidmaatskap moet hernu te help wat dit nie kan bekostig. Dit is algemeen aanvaar.

12.2 STREEK SKOU KOMITEE

Daar sal nie-amptelike skou komitee wees wat ‘n subkomitee het om die bestuur te help Greg sal in beheer wees van dit en enige iemand wat deel wil wees kan deel wees en help. Dit is net ‘n agter die skerms span wat die bestuur help met die skou. Dit is algemeen aanvaar.

12.3 SAVANNA’S

Daar was ‘n versoek van die Savannas om saam te skou die jaar vir deelname vir Roses ook. Dit was nie die jaar moontlik om die savannas te akkommodeer nie. Die beoordelaars was reeds gereël, tyd was te min om Savannas ook deur die ring te sit in die tyd. Salmon verduidelik verder daar was oorgenoeg aktiwiteite deur die jaar vir deelname om te kwalifiseer. Die Vergadering is ook ‘n aktiwiteit. Dit is algemeen aanvaar.

12.4 SEKRETARESSE PLIGTE & VERGOEDINGS PAKKET

Lindie gaan haarself nie weer beskikbaar stel om verkies te word tot sekretaresse nie. Die Sekretaresse pos moet geadverteer word. Lindie het ‘n pligte lys opgestel wat dan uitgestuur sal word met die pos advertensie. Die bestuur sal dan ‘n sekretaresse aanstel. Die vergoedings pakket moet uiteengesit word.

Douw herinner dat nou ‘n pos is so daar gaan UIF betrokke wees en so hanteer moet word. Fouche Blignaut stel voor dat die salaris verhoog word na R15 000 per maand. Douw van der Merwe sekondeer. Dit is algemeen aanvaar.

Johan Boshoff & Fouche Blignaut voel daar is geld om aan liefdadigheid te spandeer, maar ons voel sy moet ‘n bonus kry vir al haar harde werk. Ons voel dat haar salaris nie regtig tot haar reg gekom met alles wat sy vir die lede gedoen het. Voorstel vir ‘n R30 000 bonus. Verskeie sekondante, algemeen so aanvaar.

12.5 VERKIESING VAN NUWE BESTUUR

12.5.1 ADDISIONELE LID

PIETER BEZUIDENHOUT

12.5.2 TESOURIER

Voorstel van Hennie van Niekerk dat die finansies deel word van die sekretaresse se posbeskrywing soos dit in werklikheid tans is. Die voorsitter moet net die betalings goedkeur. Douw van der Merwe sekondeer. Noem net dat daar dan ‘n 2de addisionele lid aangestel moet word, want die bestuur kan nie kleiner word nie.

ADDISIONELE LID 2

OCKERT FOURIE

12.5.3 O/VOORSITTER

HENNIE VAN NIEKERK

12.5.4 VOORSITTER

SALMON VAN HUYSSTEEN

13. VOORSITTER JAARVERSLAG:

13.1 BESPREKING VAN

Ek het ingestaan as waarnemende voorsitter, groot skoene gehad om vol te staan. Die span is gelukkig ‘n geoliede spa, wat goed saam gewerk het. Die klub is op ‘n baie goeie plek. Hy groei daagliks. Die lede staan op die oomblik op 214 lede, wat een van die grootste klubs is. Hy het ‘n goeie stel finansiële state wat goedgekeur is. Die klub is deur bek-en-klou en Covid-19. Bek-en-Klou maak dit steeds moeilik, maar die klub is op ‘n goeie plek. Weereens ‘n groot skou die jaar gehad. Verlede jaar was daar 38 vertoners met 1050 bokke. Vanjaar het ons 50 vertoners gehad met ‘n 1360 bokke. Ek wil dankie se vir al die lede vir al die ondersteuning en samewerking. Dit is ‘n voorreg om so groot skou te kan hou en ons kan almal trots wees op so goeie skou wat aangebied is.

13.2 GOEDKEURING VAN

Johan Boshoff en Fouche Blignaut

VERGADERING VERDAAG